Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# Die O.B.

Jrg. 10 Kaapstad, 7 Februarie 1951 Prys 3d. No. 10

## Vryheidsdag

**Oproepe om op 27 Februarie — verjaardag van die Boeresege op Amajuba oor die Britse veroweraar — vanjaar met nog groter geesdrif die vryheidsvure dwarsdeur die land aan te steek, is vervat in meegaande oproepe van die K.G. en Adjunk-K.G., dr. J. F. J. van Rensburg en mnr. J. A. Smith onderskeidelik.**

# Laat Die Vlam Weer Brand!

**Dr. Van Rensburg skryf: In die O.B. het ons trou gesweer aan die ideaal van 'n Suid-Afrikaanse Republiek. 'n Vrye Republiek, aan geen ander staat gebonde deur bande wat in sy eie konstitusie verankerd is nie.**

**Die republikeinse gedagte is die een historiese leidraad van ons volk en ons durf dit nie in die agtergrond laat gaan nie. Die regeringspar-**



**tye het ander verantwoordelikhede en ander oorwegings en durf nie-republikeine nie vervreem nie. Ons begryp dit en ons steun die regeringspartye. Maar sulke nie-republikeinse stremminge hinder die Ossewabrandwag as Beweging hoegenaamd nie en ons het nie net die reg om die republikeinse gedagte aan te wakker nie; ons het dit as plig gesweer.**

**Ons het jare gelede, 27 Februarie — die verjaardag van die lossparteling van die Suid-Afrikaanse Republiek van weleer te Amajuba — gekies as dié dag van die jaar waarop ons die geloof in ons ideaal wil versinnebeeld. Klokslag nege-uur daardie aand het ons die republikeinse vure laat oplaai, dwarsoor Suid-Afrika.**

**Kamerade, sorg dat hulle weer op daardie uur en daardie aand opvlam!**

**As u in klein getalle bymekaar kom — nou ja, laat die vuur wat ons geloof versinnebeeld deste groter oplaai. En u het die versekering: daar ver op Amajuba se kruin skiet die vlamme in die hoogte — 'n sigbare bewys van die geloof van die Ossewabrandwag en van die gedagte dat slegs die republikeinse vryheid vir die Afrikaner ware vryheid kan beteken.**

**Op 27 Februarie, om negeuur die aand, BLAAS HOOG DIE VLAM!**



# MOET GELEENTHEID VIR VRYHEID VOORBEREI

**Die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, skryf in verband met Vryheidsdag:**

**Niemand is vry net omdat hy die vryheid besit om hom vry te maak nie. Dit is 'n drogrede, daardie bewering dat Suid-Afrika so vry is as die Republieke net omdat hy 'n Republiek kan word as die volk so sou besluit. Daardie geleentheid om die reg te gebruik om die Vierkleur te hys, is nog van owerheidsweë die volk nie gegun nie. Suid-Afrika en sy volk staan om hierdie rede net so vas aan die Britse konstitusie geketen as die ou Kaapkolonie van vyftig jaar gelede! Hy is nie vry nie.**

Maar dit is ook nie die regering, van watter party ookal, wat daardie geleentheid sal aanbied nie. **Dit is die volk wat buite party-oorwegings om daardie geleentheid moet skep, en as die geleentheid dan eenmaal bestaan, rus die plig en uitvoering daarvan op elke vaderlander, man en vrou om die daad onmiddellik by die woord te sit en dit te neem.**

'n Volk volg die leiding wat hy kry. Daarom het die Ossewabrandwag as sy doel gestel en simbole en middele aanbeveel, om 'n volksaksie te verkry. Hy het steeds verklaar dat hy die volk so wil saamsnoer, voorberei en opvoed dat die volk van enige geleentheid wat hom mag voordoen of wat die volk self deur sy optrede skep, gebruik moet maak deur die aanwending van sodanige middele as wat die geleentheid vereis, om bevryd in 'n Christelik-Nasionale Republiek in te kan stap.

Ek doen dus hiermee uit naam van alles wat op die vryheidsaltaar van die volk reeds gelê is, sowel op grond van die volksverlange, en die belofte wat alle lede van die Ossewabrandwag in die verlede mekaar en die volk gedoen het, 'n beroep om sodanige geleenthede as wat daar kom, aan te gryp om die vryheidsvlam wat in Afrikanerharte brand hoog te laat opvlam tot onderlinge aansporing en vryheidsontwaking.

### VRYHEIDSDADE

Die Ossewabrandwag het 27 Februarie, Amajubadag, gekies om die lede van sy organisasie en alle Afrikaners byeen te roep om herinner te word aan die groot waarheid dat 'n daad as die vonk moet dien om die vryheidsvuur van bergtop tot bergtop, van hart tot hart te laat ontbrand!

**Was dit nie Sarel Celliers op die kanonwa te Danskraal wat die moed tot oorwinning by Bloedrivier sewe dae later laat ontvlam het nie? Was dit nie die paar duisend om die kliphoop by Perdekraal op 13 Desember wat 16 Desember in 'n Vryheidsdag — die herstel van die Republiek deur die hysing van die Vierkleur op Heidelberg bewerkstellig het nie? En was dit nie die bevel van Joubert: „Gaan haal die vyand af van die berg!" wat die segedaad vir die Republiek beteken het nie?**

### WAT DOEN ONS?

En ons, u en ek, wat doen ons om aan te durf of anders as veinsaards te sing: „Ons sal antwoord op jou roepstem, ons sal offer wat jy vra?"

Heldedag, 10 Oktober; Geloftedag, 16 Desember; Vryheidsdag, 27 Februarie, is almal roepstemme. En vir u as lid van die Volksbeweging lê 27 Februarie nou voor. Hy roep u. Kom bymekaar, steek aan die vryheidsvure!

**Om 'n volk se verlange in aksie om te sit is byeenkomste nodig vir onderlinge besieling tot aksie.**

### SKOTSE KLIP

Behalwe ons eie geskiedenis dien voorbeelde van ander volke ook vir ons tot aansporing. 'n Klip, die sogenaamde kroningsklip word uit die Abdy weggevoer as uitdaging tot 'n vryheidstryd en laat Skotse nasionalisme opvlam in die „laagte, vol van bene," soos Esegiël ook eens sy ongeïnspireerde volk gesien het. (Eseg. 37, lees dit asb!).

Laat ons saamkom om die vryheidsvure om nie alleen ons „laagte vol doodsbene" te sien nie, maar God te vra om vlees aan dié bene en gees in die heropgewekte liggame te blaas. Eseg. 37 v s. 10: „En toe het die gees in hulle gekom, en hulle het lewendig geword en op hulle voete gaan staan — 'n ontsaglike leër.'" Laat 27 Februarie vanjaar die herontwaking wees van ons elkeen en almal.

Is 27,000 vroue en kinders wat in kampe omgekom het en die duisende wat onlangs nog weer in kampe gesit het, niks? En het ons nou niks meer geword as die siellose geraamtes in die groot laagte van doodsbene nie?

**Nee, 'n volksbeweging mag nie, kan nie, sal nie sterf en verbleik tot wit doodsbeendere nie. Nee, laai hoog op die vryheidsvlam! Vryheidsdag wenk u: KOM!**

## OPKOMS VAN KOMMUNISME

**'n Terugblik op die afgelope halwe eeu gee 'n beeld tot watter mate die politici van Europa brouwerk verrig het. Aanvanklik, in 1900, was daar 41 koninkryke en 2 republieke.**

**Na die eerste wêreldoorlog in 1919, het daar 14 republieke gestaan teenoor 15 koninkryke en 1 kommunistiese diktatuur.**

**Toe kom die tweede wêreldoorlog met die prysenswaardige voornemе om 'n „beter wêreld" te skep waarin „vier vryheide" sou heers. Die resultaat:**

**9 Kommunistiese diktature, 9 republieke en agt koninkryke.**

## Duitse Meisies Verkies Engels

Die Cape Times berig dat 112 van die 114 Duitse meisies wat onlangs uit Duitsland gebring is om as verpleegsters opgelei te word, verkies het om hul opleiding in Engels te ontvang.

Beweegredes daarvoor sou wees dat byna almal 'n bietjie Engels in Duitsland geleer het. **Sou kennis van Engels as aanbeveling geld by die werwing van die meisies in Duitsland?**

Nog 25 meisies word hierdie maand uit Duitsland verwag.

## BRITSE GEVAAR IN AFRIKA

„Die Britse departement vir kolonies was in die afgelope paar jaar verantwoordelik vir baie skokke. Ek meen dat die snelheid waarteen hy beweeg noodlottig is. Hy benadeel nie alleen die naturelle in die gebiede waarvoor hy sorg nie, maar skep 'n bedreiging vir Suid-Rhodesië," het die Rhodesiese eerste minister, sir Godfrey Huggins, verlede week in die parlement gesê toe 'n lid 'n voorstel wou indien in verband met die „toenemende onrus oor die toekoms van die blanke ras in Afrika."

## Brittanje Eis Nog Steeds Setel Vir Rooi Sjina

**„Die Britse afgevaardigde op die Verenigde Volke se Voogdyraad het opdrag ontvang om enige voorstel vir die lidmaatskap van die Kommunistiese Sjinese regering te ondersteun — 'n eis wat deur Rusland gedoen is." So lui 'n berig wat op Woensdag, 31 Januarie, deur die korrespondent van die Cape Argus uit Londen getelegrafeer is.**

'n Dag nadat hierdie berig verskyn het, het die Algemene Vergadering van die V.V.O. op Amerikaanse aandrang — en na wekelange teenkanting van Brittanje en Indië — Sjina formeel as agressor gebrandmerk, maar met die toegewing om die deur vir onderhandeling nog oop te hou. **Indië, Suid-Afrika se suster-dominium, het saam met Rusland en sy satelliete teen die voorstel gestem,** maar Brittanje het 'n trae hand daarvoor opgesteek uit vrees dat Amerika hom aan sy lot sou oorlaat.

Op 25 Januarie het dr. Malan in die parlement gesê:

„Sjina het agressie gepleeg— niemand kan daaraan twyfel nie. Die vraag is geopper: Moet ons die Kommunistiese Sjina erken? **Brittanje het Sjina erken, en spr. moet tot Brittanje se verskoning sê dat dit gedoen is voor hierdie agressiewe daad."**

**Of dr. Malan se verskoning vir Brittanje nog steek hou ná laasgenoemde se opdrag aan sy afgevaardigde — 'n week later — om vir Sjina se erkenning ook deur die V.V.O. te stem, kan die leser self oordeel.**

## Swaar Las Vir Amerikaners

Die Amerikaanse volk is verlede week 'n bykomende belastinglas van £3,500,000,000 vir die jaar opgelê vir bewapening. Dit bring die totale oorlogsbelasting vir die jaar sover op £22,000,000,000 te staan. Dit is een-derde meer as wat in enige enkele jaar gedurende die vorige oorlog opgevorder is.

Tot op 'n eenheid bereken, beteken dit dat elke Amerikaanse man, vrou en kind 'n bedrag van ongeveer £300 vir bewapening moet opbring — wat ver hoër is as die totale inkomste per kop van die grootste meerderheid aardbewoners.

## SAM KAHN VRA REPUBLIEK

**Mnr. Sam Kahn (naturelleverteenwoordiger) het verlede week in die volksraad kennis gegee van 'n voorstel wat lui:**

**„Volgens die mening van hierdie raad het die tyd nou aangebreek vir Suid-Afrika om van die Britse Statebond af te skei en 'n onafhanklike, demokratiese republiek te stig." Na verwag word, sal 'n vroegtydige valbyl van die regering die voorstel verongeluk voordat dit die besprekingstadium bereik. (Lees ook ons hoofartikel op bladsy twee.)**

**Indië** wat bedreig word deur 'n hongersnood, het 2,000,000 ton koring van Amerika gevra. Die stemming in Amerika is nie vir Indië baie gunstig op die oomblik nie weens sy paaibeleid ten opsigte van Sjina. Daar word egter gevrees dat Rusland die koring sal verskaf indien Amerika weier.

DIE O.B., WOENSDAG, 7 FEBRUARIE 1951

# KAHN-VOORSTEL GLAD NIE LAGWEKKEND

Die voorstel in verband met die stigting van 'n republiek wat verlede week deur mnr. Sam Kahn in die vooruitsig gestel is, het, na berig is, „gelag uitgelok aan albei kante van die Huis." Mens kan aanneem dat sommige lede se lagspiere geprikkel is oor die „onverwagte" kant vanwaar die voorstel gekom het. Ander sou waarskynlik gelag het omdat die voorstel lui dat „die tyd nou aangebreek het" vir 'n republiek. Ons wil beklemtoon dat die voorstel van mnr. Kahn in geen opsig lagwekkend is nie — **in elk geval nie minder lagwekkend as nege jaar gelede toe dr. Malan by wyse van 'n parlementêre mosie genl. Smuts versoek het om 'n republiek uit te roep nie.**

Mnr. Kahn se voorstel is nóg onverwags nóg belaglik. Twee jaar gelede toe dr. Malan van Londen teruggekeer het met die nuwe beleid van Empire-eenheid het mnr. Kahn, toe nog as volbloed-Kommunis, ontpop as 'n pleitbesorger van die republiek. Hy het verklaar dat hy „saam met ander republikeine in Suid-Afrika diep ontsteld voel oor die feit dat die Eerste Minister die republikeinse beginsels verraai het." Hy het voortgaande gesê dat hoewel hy van koninklike afkoms is („koning David van Israel"), hy „nogtans altyd 'n republikein" was.

## VERLATE VESTING

Republikanisme is in ons land 'n diepgewortelde oortuiging en dit het die stukrag agter die nasionale partye gevorm. **Dit is daarom glad nie verbasend wanneer 'n politikus, wat na 'n magsposisie in Suid-Afrika streef, dadelik die loopgraaf van republikanisme sal gaan beset wanneer ander dit ontruim nie. En dit is juis hier waar die belaglikheid van mnr. Kahn se voorstel ophou. Soos 'n aasvoël se afdaling op die jagveld spreek van die agterlating van 'n karkas, so spreek mnr. Kahn se voorstel van die wegwerping van republikanisme; en dit is glad nie iets waaroor 'n Afrikaner lus voel om te lag nie.**

Maar dit is nie net 'n ontstemmende verskynsel nie. Daar skuil beslis ook gevaar in wanneer mnr. Kahn, en nie dr. Malan nie, tans voorstelle by die parlement indien vir die uitroeping van 'n republiek — al sou hulle albei die politieke vernuf deelagtig wees om met sulke voorstelle net te kom solank hulle seker is van 'n minderheid in die parlement. Teen die gevaar het Die O.B. twee jaar gelede gewaarsku toe ons berig het van die republikeinse mantel wat die kommuniste in Indië hulself onmiddellik omgehang het nadat Pandit Nehru met sy Empire-republiek uit Londen teruggekeer het. Mnr. Kahn as volwaardige kommunis destyds, het by hierdie taktiek aangesluit. **Vandag is mnr. Kahn amptelik nie meer 'n kommunis nie. Sy party is ontbind, en hy staan politiek gesproke naak. Niks verhinder hom en sy geesgenote dus om die weggeworpe republikeinse mantel op te tel en hulself daarmee te beklee nie.**

## NOG MEER ANTI-REPUBLIKANISME

**In die praktyk sou dit meebring dat hoe harder mnr. Kahn en Kie. pleit vir 'n republiek, hoe harder sal die regeringsparty en pers beduie dat 'n republiek nie wenslik is nie. Sulke verduidelikings sal waarskynlik hierdie sitting al gehoor word wanneer en indien die voorstel van mnr. Kahn tot bespreking kom. Dit beteken dat ons volk al verder weggevoer sal word op die pad van imperialisme net soos die Botha-volgelinge van ouds.**

Nog gevaarliker sal die posisie word wanneer die regering dalk daartoe sou oorgaan om mnr. Kahn as voormalige Kommunis te „noem" en uiteindelik uit die parlement te sit. Die „republikeinse" stryd sal in daardie geval deur geesgenote van mnr. Kahn voortgesit kan word sonder dat enige beskuldiging van eertydse kommunisme teen hulle ingebring kan word.

**Hierdie gevaar onderstreep die noodsaaklikheid dat die republikeinse vaandel gedra moet word deur 'n volksbeweging soos die Ossewabrandwag wat buite die invloed van die partypolitiek staan. Dit dien ook as waarborg aan daardie republikeine wat binne die politieke partye staan en vandag weens partytug of partylojaliteit tot swyge gedwing is.**

# Van Die Os Op Die Esel

**Deur Sybrand**

### *Vryheidsdag*

Die mees skouspelagtige reklame wat nog ooit in Suid-Afrika vir die republiek gemaak is, is ongetwyfeld die Vryheidsvure wat die kommando's van die Ossewabrandwag elke jaar op 27 Februarie in alle dele van ons land aansteek. Die simboliek van die vure is dat die republikeinse drang brand in die harte van die Afrikaners wat die vure aansteek en daarom vergader. Die betekenis van die vure is dat solank dit aangesteek word die republikeinse ideaal lewe — en nie dood is nie.

Dikwels word daar in Londen aan Suid-Afrikaners gevra hoe dit met die republikanisme in Suid-Afrika staan. Die treffendste antwoord wat op die vraag gegee kan word is 'n verwysing na die vryheidsvure wat elke jaar op 27 Februarie aangesteek word.

Die viering van vryheidsdag deur die kommando's is 'n buitengewone plig wat op die skouers van elke kommando rus. Daardie vure moet aangesteek word. As dit nie gedoen word nie het die vyande van republikanisme die volste reg om te sê dat die vryheidsideaal van ons volk, eindelik, na jare van heroïese stryd en na duisende manne, vrouens en kinders hul bloed daarvoor geoffer het — eindelik begin doodloop in die belangeloosheid en partybelange van hierdie geslag van die Afrikanervolk.

Dan sal die Britse Empire die finale oorwinning oor die Afrikanervolk behaal het — want dan sal daardie volk opgehou het om te bestaan en dan sal hy gereed wees om op te gaan in die muil-nasie — die „Suid-Afrikaanse volk."

### *27 Februarie*

Die datum 27 Februarie is deur die Ossewabrandwag gekies om Vryheidsdag te vier omdat ons voorvaders op daardie dag die Eerste Vryheidsoorlog gewen het toe hulle die Britte beslissend verslaan het by Amajuba. Hulle moes later 'n tweede Vryheidsoorlog veg — wat hulle verloor het. Nou steek hulle nageslagte elke jaar op 27 Februarie die Vryheidsvure aan om te verklaar dat die stryd vir vryheid nie gewonne gegee is nie — maar dat die stryd voortgesit sal word totdat die vryheid herwin is.

Die datum, 27 Februarie, sinspeel op die stryd wat onbevreesd gestry moet word en hoofsaaklik op die oorwinning wat uiteindelik behaal sal word. Ek wil op my vriende in die Ossewabrandwag 'n beroep doen om hierdie kosbare kleinood — Vryheidsdag met sy Vryheidsvure — wat die O.B. aan die Afrikanervolk geskenk het, in ere te hou en om ook op 27 Februarie 1951 die Vryheidsvure op die heuwels van ons land te laat brand.

### *Nooi Hulle Uit*

Ek is heeltemal bewus van die feit dat die republikeinseideaal vandag in ons land hoegenaamd nie dieselfde populêre ideaal is wat dit tydens die oorlogsjare was nie. Ek weet ook dat die republikeinse ideaal die grootste populariteit geniet gedurende daardie jare wanneer die nasionale politieke partye in opposisie is. Wanneer daardie partye aan bewind is word die republikeinse ideaal in die koelkas gesit — m.a.w. dit word kunsmatig onpopulêr gemaak deur die partye se propaganda wat leer dat „die tyd nie nou ryp is vir 'n republiek nie." Dit is die ou storie. En dit is die soort storie wat republikanisme in Suid-Afrika gaan doodmaak as ons nie oppas nie.

Die Ossewabrandwag is buiteparlementêr. Hy is derhalwe nie onderhewig aan die buierigheid van die partypolitiek nie. Hy bepleit die republikanisme omdat die vryheid hom erns is en nie omdat die republikanisme vir hom 'n propagandakreet is nie. Daarom het die O.B. voortdurende reklame vir die republiek ingestel, nl. die jaarlikse Vryheidsvure. Hierdie erns gaan eindelik die republiek voortbring.

Daarom sê ek aan my vriende in die O.B.: gaan voort om die Vryheidsvure aan te steek, selfs al is die getalle van die O.B.-lede wat rondom die vure vergader, maar klein.

Ek wil ook daaraan herinner dat die Republiek die ideaal van die hele Afrikanervolk is— of behoort te wees. En dat alle Afrikaners —nie net O.B.-lede nie — derhalwe op 27 Februarie rondom die Vryheidsvure moet vergader. Daarom is my raad aan die kommando's om alle Afrikaners in hul omgewing uit te nooi na die plegtige viering van Vryheidsdag. Hou maar aan om hulle uit te nooi — al het u hulle ook al in die verlede uitgenooi en al het hulle ook al in die verlede u uitnodiging nie aanvaar nie.

### *Doodarm—Doodslaafs*

Ek sien in die dagbladpers van 'n man wat aan die gevolge van armoede oorlede is terwyl hy die reuse-bedrag van £600,000 besit het, maar te suinig was om selfs kort voor sy dood vir behoorlike mediese behandeling te betaal.

So 'n man is inderdaad brandarm — en miskien nog armer, want hy besit nie eens die wil wat 'n arm man besit om geld (al het hy dit nie) te bestee nie.

Maar die gedagte het by my opgekom dat dit nie net hierdie man is wat so arm is nie. Volke kan ook so arm wees dat hulle doodtevrede is om honderdduisende regte in die bank te hê waarvan hulle weier om iets te gebruik. En ek ken so 'n volk — my volk. Sedert 1926 is aan ons volk gesê dat hy die grootste mate van vryheid gekry het, ja, „selfs nog groter as wat die Republieke gehad het," het ons politici gesê. Vra jy dan waarin daar die vryheid bestaan, aangesien die Britse koning nog ons koning is, dan lui die antwoord: „Ja, maar ons het die reg om uit te stap net wanneer ons wil."

Hierdie ou man met sy £600,000 het ook die reg gehad om net wanneer hy wou vir hom 'n paleis te gaan bou en met ses Cadillacs rond te ry soos sommige miljoenêrs pleeg te doen. Maar daardie reg het hom nog nie ryk gemaak nie. Inteendeel, elkeen sal saamstem met die geneesheer dat hy „arm was ten spyte van sy rykdom", want per slot van sake is hy van honger dood.

Die gevaar bestaan dat ons volk op die duur ook nog 'n geestelike hongerdood kan sterwe omdat ons weier om ons £600,000 se republikeinse reg te gebruik wat in Buckingham Palace opgesluit lê. Sogenaamde „vryheid" wat in 'n lêer weggebêre is, het vir ons volk geen praktiese betekenis nie. As ons dit nie wil gebruik nie, bly ons maar nog net so onvry as die Skotte wat daardie reg nog nie het nie. Of nee, ek maak 'n fout: ons is nog minder vry as hulle, want dit ontbreek ons selfs aan die wil om te gebruik wat ons het, terwyl ander onderhorige volke in elk geval die wil het om te gebruik wat hulle nog nie het nie. Armer dus as brandarm. En dit is ook wat dr. Malan erken het toe hy in 1949 in die parlement gesê het dat namate die bande losser gemaak is „het die Statebond dit nog altyd reggekry om beslag te lê op die gees."

### *Afrikaner-prestasie*

Ek het met 'n mate van trotse verbasing verlede week die name van die tien leerlinge wat die hoogste in die Kaaplandse Senior-sertifikaat-eksamen uitgekom het, deurgelees. Op die name en dié van die skole af, moes ek tot die gevolgtrekking kom dat met uitsondering van die vyfde plek, wat blykbaar deur 'n kind van Joodse afkoms ingeneem is, almal Afrikaanssprekende kinders is.

Daar mag mense wees wat dalk beswaar sal maak wanneer 'n mens so 'n feit beklemtoon omdat dit dan steurend vir goeie „rasse-verhoudings" kan wees. Ek glo dit nie. Die Afrikaner het in die verlede nooit tot sy reg gekom nie. Die Britse imperialistiese beleid was om hom so minderwaardig te laat voel dat hy gretig sou wees om sy menslike status te „verhoog" deur in die Engelse gemeenskap op te gaan. Sy foute is oorbeklemtoon — sy deugde verswyg of kleineer. Maar ten spyte van hierdie teenwerkinge het die Afrikaner opgeklim sodat hy vandag in meeste vertakkinge van die lewe bo op die leer staan. Dit is, terloops, opvallend dat een van die grootste suksesse op die Engelse toneelverhoog so pas nog weer deur Afrikaners behaal is wat in die jongste tyd klassieke werke in Engels op die planke bring waaraan ander in ons land hulle nog nie gewaag het nie. 'n Mens hoef nie in besonderhede in te gaan nie — die feite lê voor die hand. Maar die idee dat die Afrikaner tweede viool moet speel in sy land, kan nou maar gerus in die graf gelê word.

### *Geen Koloniale Kompleks*

Die vraag kom by my op waarom dit so is dat die Afrikaner oral waar hy hom inwerp die leiding neem. Daar kan natuurlik baie redes voor wees. Mens dink in die eerste plaas aan afkoms. Die Afrikaner stam uit die keur van Europa se volkere — mense van karakter, volharding en selfstandigheid van gees. Maar 'n belangrike faktor sal ongetwyfeld wees dat net die Afrikaner werklik saamgegroei het met sy bodem. Hy is tuis en voel hom op homself aangewese. Daar is nie meer by hom 'n koloniale kompleks nie. Hy verwag nie meer hulp en bystand van die moederland nie. Hy laat nie meer die moederland vir hom sy letterkunde, sy kuns, sy beleid en sy ondernemings op allerlei gebied skep of ontwikkel nie. Hy is 'n afgeronde persoonlikheid wat inpas by sy omgewing.

Die dag wanneer ons vriende van Engelse afkoms ook met albei voete op Suid-Afrikaanse bodem staan — en die dag nader vinnig — sal hulle eers in staat wees om tot volle ontplooiing te kom. Met 'n koloniale kompleks is jy soos 'n ouboet in pa se huis. Jou pa dink vir jou, skep vir jou en gee vir jou.

Om weer terug te kom tot die skoolresultate: Hierdie prestasies van die Afrikaanse skole dien ook as afdoende antwoord aan daardie Engelse pers en politici wat gedurig raas oor die „politieke onderwysers" in ons Afrikaanse skole. As hulle so danig politiek-bedrywig is as wat voorgegee word, het hulle darem nog heelwat tyd oor „to deliver the goods", soos die Engelse sê. Maar dalk is dit juis daardie selfstandigheid van gees waarvan ons so ewe gepraat het wat ons teenstanders aansien vir „politiek."

# Rhodesië Gooi Haastige Wal Op Teen Afrikaans

**Die Suid-Rhodesiese eerste minister, Godfrey Huggins, het verlede week 'n amendement by die parlement ingedien wat beoog om Engels grondwetlik vas te lê as die enigste amptelike taal in die kolonie. Engels sal voortaan die enigste taal wees wat toegelaat sal word in die parlement, openbare liggame en amptelike stukke.**

**Die aankondiging van die eerste minister is met toejuiging deur die parlementslede begroet.**

Net die vorige dag het Huggins op 'n vraag van die opposisielid, Pat Wise, waarom hy aan 'n Engelse student gesê het dat hy nie Afrikanerindringing vrees nie, as volg geantwoord:

„Daar is vandag geen tweedrag in hierdie land tussen die Engelse en die Afrikaners nie. Die meeste Afrikaners en die meeste Engelse is goeie Rhodesiërs wat saamwoon in die grootste wedersydse vriendskap."

Hy het voortgaande (ietwat teenstrydig) verduidelik dat hy aan die student gesê het dat hy nie vir insypeling bang is nie, **„omdat so baie Britse immigrante onmiddellik ná die oorlog die land binnegekom het dat die verhouding van Afrikaners tot Britse nedersetters nou kleiner as voor die oorlog is."**

**„LATER"**

**„Die getal Afrikaners neem vinnig toe, maar die saak kan later in die sitting aangepak word," het die eerste minister belowe.**

Toe hy die volgende dag met sy amendement kom, is hy deur Wise bedank vir sy „vinnige uitvoering" van sy wenk van die vorige dag.

**Volgens die jongste syfers wat deur die Suid-Rhodesiese kantoor vir statistieke versterk is, was daar in die afgelope jaar 'n nog groter toename van immigrante uit die Unie na dié gebied. Teenoor die 5,069 Britse immigrante wat in die tydperk Januarie tot November Suid-Rhodesië binnegekom het, was daar 9,533 immigrante uit die Unie. Die vorige jaar was die syfers 5,453 Britte en 6,482 Unieburgers. Terwyl die immigrante uit Brittanje dus met byna 400 afgeneem het, het dié uit die Unie met meer as 3,000 toegeneem.**

Hoewel alle Unie-burgers wat na Suid-Rhodesië verhuis wel nie Afrikaners sal wees nie, sal hierdie syfers nietemin daartoe bydra om die Suid-Rhodesiese bewindvoerders nog 'n groter bewerasie te gee. **Daar kan dus stellig nog meer drastiese maatreëls teen die Afrikaner en Afrikaans in die nabye toekoms verwag word in hierdie kolonie waar die Britte as meerderheidsgroep in 'n beter posisie is om hul lyfspreuk van „British fairplay" uit te lewe as in die Unie waar hul stamgenote maar slegs 39 persent van die blanke bevolking uitmaak.**

# Afrikaanse Beleid Teenoor Britse

**Die verskil tussen die Afrikaner se houding teenoor minderhede in sy land en dié van die Brit blyk onder meer uit die feit dat die Suid-Rhodesiese regering 'n maand of wat gelede geweier het om gevolg te gee aan 'n versoek om Afrikaans as voertaal in die beginnersklasse van skole toe te laat.**

**Hierteenoor is verlede week aangekondig dat die departement van onderwys in Suidwes besluit het om weer Duits as voertaal tot in standerd IV uiteindelik toe te laat. Vir vanjaar geld dit tot standerd II.**

**Die destydse oorheersend Engelse bewind in die Unie het Duits in 1940 as voertaal in Suidwes-skole afgeskaf.**

# SAL NIE VERBRITS SÊ RHODESIESE AFRIKANERS

**„Die Afrikaner het nie gister die land binnegekom nie. Hy het saam met Cecil Rhodes oor die Limpopo getrek en wat nog meer is, hy het na Rhodesië op uitnodiging van Cecil Rhodes gekom en hy het van mnr. Rhodes die versekering gekry dat hy gelykberegtiging noord van die Limpopo sal geniet. Daar is plegtige beloftes aan die Afrikaner gedoen, hy het dit as sulks aanvaar en na Rhodesië getrek, en vandag moet hy hoor dat hy 'n indringer is en dat as hy nie tevrede is met wat hy kry nie, hy dan maar moet trap," skryf Die Volksgenoot, Afrikaanse weekblad in Rhodesië. Die blad gaan voort:**

„Maar dit is nie al nie. Bo en behalwe plegtige beloftes van die kant van die stigter van Rhodesië, het die Afrikaner 'n besondere bydrae gelewer in die ontginning van Rhodesië. As baanbreker het hy die hoogste offer op die altaar gelê en later het hy as veeboer en landbouer duisende vierkante myl van hierdie land bewoonbaar gemaak. Ook vandag staan die Afrikaner sy plek vol op alle terreine en lewer hy sy bydrae.

„Die feit bly staan dat die Afrikaanssprekende Rhodesiërs vandag 'n belangrike deel van die bevolking van die land uitmaak. Ons is hier, Rhodesië is ons tuiste en om vir die Afrikaner te sê dat hy maar moet oppak en trap, is meer as onsin. Ons wil niks anders wees as goeie Rhodesiërs nie, maar ook niks ander as honderd persent Afrikaners nie."

**ENGELSSPREKEND**

Die Volksgenoot skryf verder: „Om 'n goeie Rhodesiër te wees beteken vir sommige mense net een ding en dit is dat jy 'n Engelssprekende moet wees. Die Afrikaanssprekende Rhodesiër is egter nie gediend met hierdie onbillike eis wat aan hom gestel word om te voldoen aan goeie Rhodesiese burgerskap nie. Ons is nie bereid om te aanvaar dat ons slegs dan goeie Rhodesiërs is wanneer ons honderd persent Brits is nie. **Die Afrikaner in Rhodesië is hoegenaamd nie te vinde vir hierdie standpunt nie. Ons weier om ons identiteit prys te gee.**

„Die Afrikaanssprekende gemeenskap eis nie 'n tweede amptelike taal nie en ons word nou moeg om dit te herhaal. Ons is bereid om Engels te erken en te aanvaar as die amptelike taal van hierdie land, maar dit beteken nog glad nie dat ons bereid is om ons taal prys te gee of daarvan afstand te doen nie. Die Afrikaanssprekende ouer is ook nie bereid dat sy kind sy taal onder sy voete vertrap en Engelssprekend word nie.

**SKEP BEHAE**

„Dit blyk dat daar 'n deel van die Engelssprekende bevolkingsdeel is wat behae daarin skep dat Afrikaanse kinders nie hul eie taal behoorlik kan praat en verstaan nie, dat Afrikaanse kinders nie hul Bybel kan lees en die eredienste kan volg nie, en dat Afrikaanse kinders met hul ouers Engels praat as hulle met vakansie by die huis kom — behae daarin skep omdat hierdie kinders volgens hul mening op pad is om „goeie" Rhodesiërs te word, „goeie" Rhodesiërs wat net een taal ken en dit is Engels.

„Die Afrikaner daarenteen is nie tevrede met hierdie toedrag van sake nie. Die Afrikanerkind in Rhodesië word doelbewus van sy eie ouer vervreem. Wat die saak nou nog veel moeiliker maak is die vyandige gees en gesindheid soos dié van die Sons of England.

**„Watter pogings ook al aangewend word om die Afrikaner te de-nasionaliseer sal die een na die ander misluk want die Afrikaanssprekende Rhodesiër is nie bereid om nasionale selfmoord te pleeg nie."**

# Henri Slegtkamp†

**Kapt. Henri F. Slegtkamp (hoofgeneraal van die O.B. in Middelburg, Tvl.) is Vrydag, 3 Februarie in die ouderdom van 78 jaar oorlede. Kapt. Slegtkamp was een van die weinige oorgeblewe lede van die beroemde Theron-verkennerskorps uit die Tweede Vryheidsoorlog, en het as vurige republikein die Ossewabrandwag tot aan sy dood gedien.**

Henri Slegtkamp, 'n jong Hollander op avontuur belus, soos hy self vertel het, het kort voor die Jameson-inval (1896) in Transvaal aangekom en as vrywillige onder die wapen teen Jameson gegaan. Toe die Tweede Vryheidsoorlog uitbreek, het hy nogal veel moeite gehad om aan 'n perd en geweer geholpe te raak om saam met die burgers Natal binne te trek. Baie gou het hy getoon wat hy as krygsman beteken. Hy het by kaptein Edwards se Verkenners onder genl. Botha aangesluit en uit die staanspoor waardevolle dienste saam met sy kamerade gelewer. Dit is hier waar hy sy beroemde krygsmakkers, Hindon, De Roos en andere leer ken het en met eersgenoemde saam dwarsdeur die oorlog end-uit geveg het.

Dit was nog heel aan die begin en enige dae voor die slag van Spioenkop dat Slegtkamp, Hindon, De Roos, Smit en Du Toit, laasgenoemde twee lede van een van die kommando's, na die terugval van die Middelburgse kommando uit die stellings op Spioenkop, die sleutel tot die Republikeinse front aan die westelike sektor herbeset het. Toe die kommando onder genl. Fourie die posisie ontruim, het hulle die kop uitgehardloop en dit verdedig.

Hierdie dappere daad, selde, indien ooit geëwenaard, word in verskeie boeke in besonderheid beklemtoon. Op die kop was 36 Engelse kanonne en 'n paar groter skeepskanonne se vuur die hele dag gekonsentreer behalwe die geweervuur. So erg sodat die kop gedurig in 'n groot stofwolk deur barstende kartetse gehul was. Toe vriend en vyand dag dat alles daar verpletter was, hys hulle die Vierkleur aan 'n geweertromp as teken dat die kop nog in die Republikeine se besit is. Toe genl. Botha dit bemerk het hy die kommando's aangesê om weer die kop te beset wat die volgende dag of twee daarna aanleiding was tot die groot en bloedige slag van Spioenkop onder leiding van genl. Louis Botha.

**TREINE ONTSPOOR**

Na die terugtrekking van die Republikeinse magte uit Natal het Slegtkamp eers saam met kolonel Blake se Korps in die Vrystaat geveg en later lid geword van die beroemde T.V.K. (Theron se Verkennerskorps) onder kapt. Danie Theron. Na laasgenoemde se dood is Slegtkamp, Hindon en 'n paar ander na Oos-Transvaal waar hulle 'n eie verkennerskorps op die been gebring het en hulle o.a. toegelê het op die ontsporing en vang van treine. Slegtkamp was die eintlike dryfveer wat steeds met dinamiet die vyand se kommunikasielyne deur die ontsporing van treine gebreek het. Slegtkamp en sy maats het talle troep- en goederetreine gevang en moes etlike gevalle kwaai en dapper veg, soms met ernstige verlies om die troepe tot oorgawe te dwing.

Maar hulle het ook steeds kommando's wat oor die treinspoor moes trek tussen die forte deur of waar hulle omsingel word, geleide na veiliger oorde



moes doen, of die agterhoede gevorm om aanrukkende oorweldigende Britse magte teen te hou.

Hierdie helde onder wie Slegtkamp een van die voorstes was, het baie keer heldedade verrig wat aan die ongelooflike reik.

Wat die Komdt.-generaal, Louis Botha, o.a. van Slegtkamp getuig het, blyk uit 'n brief (gepubliseer in Slegtkamp van Spioenkop deur Dirk Mostert) aan kapt. Hindon gedateer 16 Feb. 1901, waarin hy skryf dat hy „twee flinke rapportryders" nodig het om dringende rapporte na genl. De Wet en Pres. Steyn in die Vrystaat te bring. „En ek meen dat u en Slegtkamp die enigste vertrouwbare personen zijn" . . . .

**BESIELING**

Nog later word Slegtkamp tot kaptein van die Transvaalse Vrywilliger-korps bevorder. Met hierdie grepies uit die baie getuigskrifte van ons oorlede held en kameraad, kan ons volstaan. Wie meer wil weet, of behoort te weet, moet maar die boeke oor die oorlog naslaan. Slegtkamp, hoewel nie gebore Afrikanier nie, was een van die trouste onder die troustes en dapperste onder die dapperes in ons vryheidstryd. Sy heldedade is 'n luisteryke versiering van ons geskiedenisrolle.

Hoewel Henri Slegtkamp nou

(vervolg in kol. 3)

(vervolg van kol. 5)

heengegaan is, weg uit die stryd om vrywording, sal sy naam as stryder en held tot in alle geslagte voortleef. Die offers wat hy hom enduit getroos het vir volk en vaderland, sal ons volk beloon word as ons maar ook soos Slegtkamp elke geleentheid aangryp wat hom mag voordoen of wat ons self kan skep om iets onselfsugtigs vir ons volk te doen. Sy taak het hy volbring en sy plig gedoen. Laat dit vir ons en ons nageslag tot besieling dien.

**J. A. S.**

Somertabberds
In Hul
Heldere
Patrone
BY
Steyns
DIE MODEWINKEL
Parow

NET 'N PAAR ITEMS
om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk

Boston Potlood-skerpmakers ... ... ... ... ... @ 15/- elk
Mercury Draadheg-masjiene ... ... ... ... ... @ 29/6 elk
Dubbele Glas-Inkpotte ... ... ... ... ... ... @ 6/9 elk
Afrolpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... @ 7/- per Riem
Tikpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... @ 7/8 per Riem
Tikpapier, 10 dm. x 8 dm. ... ... ... ... @ 5/7 per Riem
Losblad Grootboeke — alle groottes in voorraad, pryse vanaf £3/5/-

Alle Kantoorbenodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.

SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.
Groote Kerkgebou 322, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**
**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensings, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.
**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.
**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

## TE KOOP GEVRA

Stuur al u afval Koper (enige vorm) aan I. M. Prinsloo, Pretoria Noord Stasie. Ons betaal 6d. per lb. op u stasie onmiddellik na ontvangs. 24/1/6B

## TE KOOP

**3,000 Pragtige opregte, swart Australorp** gewaarborgde kuikens, beskikbaar weekliks. Eerste klas grootmaak vermoë. £6/10/- per honderd. **NASIONALE BROEIERY, Posbus 1128, Bloemfontein.** 31/1/17B

Voortrekkerkispak (No. 4) geskik vir feesgeleenthede. Pas persoon van 5 voet 9 dm., £10 of redelike aanbod. Skryf aan — **„Werkloos", Posbus 1411, Kaapstad.** T.K.

**Duitse Merino-rammetjies uitverkoop.** Plaas bestellings vir November-afle-werings om teleurstelling te voorkom. Geteel van opreggeteelde Elsenburg-vaders. **C. du Toit, Malanstasie.** 31/1/7B

## PLANNE OM GELD TE MAAK

**225 Planne om geld te maak.** Toon hoe u maklik in u vrye tyd geld kan verdien. Gefrankeerde koevert besorg gratis inligting. Skryf aan:— Posbus 16, O.B., Robinson. Tvl. 17/1/6

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435




„Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerkgebou, **vir Radios, Elektriese Toestelle en Meubels.** Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, **Phil Morkel,** Posbus 2721, Kaapstad."

## GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** C/1/9/49

**Gryshare en baard** binne een maand tot natuurlike kleur herstel of geld terug, vry van kleurstof. Bevorder haregroei, verwyder skilfers. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** G14/6/50

## MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** A/1/9/49

**Siektes en kwale verban!** Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 2) 1/9/49

**BEHANDELING GRATIS.** — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/6 vir posgeld, ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria. 6/12/5

## VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BEPERK

**Direkteure:**
P. W. J. van Heerden.
P. G. van Heerden.
Potgieterstraat 258,
h/v Pretoriusstraat,
PRETORIA.

TEELS (vloer en muur — verskillende tipe), KOMBUISOPWASBAKKE, (vleklose staal en Terrazzo), SEPTIESE EENHEDE — W.C. STELLE, BADDENS EN HANDEWASBAKKE, VERF- EN STAALVENSTERS, LOODGIETERS BENODIGDHEDE, ENS. 8/11/TK

## MEUBELS

**MEUBELS.**— Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

# Teken in op DIE O.B.!

**Suid-Afrika** is vandag 'n **Koninkryk** onder 'n **Britse koning:** DIE O.B. veg vir 'n **Republiek** onder 'n **Afrikaanse President.**

DIE O.B.

- Verwerp die **Partystelsel** wat die volk verdeel en veg vir die **Partylose Eenheidstaat.**
- Verwerp verteenwoordiging deur **handlangers** van **politieke partye** en veg vir regering deur **vrye volksverteenwoordigers** en **deskundige beroepsverteenwoordigers.**
- Verwerp die **Kapitalisme** en veg vir 'n **Afrikaner-volks-ekonomie.**
- Verwerp die politieke, maatskaplike en ekonomiese **integrasie** van die nie-blanke en veg vir **territoriale apartheid.**

DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou.

DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.

## Intekenvorm

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van*..........................

..........................*vir die eerste*..........................*maande.*

*NAAM*..................................................
(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*..................................................

..................................................

..................................................

*Handtekening.*

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

*Ander Se Menings*

# MODERNE DANS VEG AAN KANT VAN DUISTERNIS

**In 'n verklaring wat opgeneem is in Die Kerkbode verklaar die Sinodale Kommissie vir Bestryding van Maatskaplike Euwels van die N.G. Kerk van die Vrystaat dat hy dit sy heilige plig ag om aan die wêreld te sê dat die Ned. Geref. Kerk die populêre hedendaagse dans ten sterkste afkeur, en wel om die volgende redes:**

(1) In die Skrif kan geen regverdiging vir die moderne dans gevind word nie.—Die paar voorbeelde van persone wat in die Bybel gedans het, het òf alleen gehuppel òf saam met ander van dieselfde geslag ritmiese bewegings uitgevoer met die doel om uiting te gee aan heilige vreugde en dankbaarheid teenoor God. Dit was aanvanklik ook die geval by die heidense godsdienste, maar baie gou het hier ontaarding ingetree. Dit het geword 'n vertoning van die liggaam wat gelei het tot die gruwelikste sinlikheid. Met die doel om die seksuele natuur des te meer op te wen, het in Griekeland tussen mans van besoedelde moraal en vrouens van twyfelagtige karakter die gemengde dans sy intrede gemaak. Histories vind die hedendaagse gemengde dans dan ook hier sy aansluiting.

(2) In die verbete stryd tussen lig en duisternis staan dans onwillekeurig aan die kant van laasgenoemde.—Ons kan geen bewys kry dat dans mense beter of ernstiger of meer toegewyd gemaak het nie. Die teenoorgestelde is die geval. 'n Hoof van polisie in die Vrystaat sê in 'n lesing oor onsedelikheid: „Een van die vernaamste oorsake van die val van jong meisies is die danspartye op plase." 'n Geneesheer met 'n groot praktyk wat homself nie veel van 'n Christen noem nie, het aan 'n evangelis gesê: „Ek weet, en elke geneesheer wat die moed het om met die waarheid uit te kom, weet dat dans ons jongmense meer verlei as enige ander ding." Statistieke het aan die lig gebring dat 75 persent van die gevalle van egskeiding hul oorsprong op die dansbaan gevind het. Kan 'n mens daaraan twyfel by watter kant in die stryd tussen lig en duister, die dans sy krag ingegooi het? Geen wonder dat ernstige toegewyde Christene en selfs baie nie-Christene wat prys stel op reinheid en adel van gemoed, nie op die dansbaan gevind word nie.

## DANSMEESTER SE OORDEEL

(3) Dans vernietig een van die mooiste christelike deugde, nl. kuisheid, en word also sonde teen die sewende gebod.—Kuisheid bestaan daarin dat die geslagsdrif gelei word langs die kanale van suiwere liefde van één seun of man vir één dogter of vrou en omgekeerd. So het die geslagsdrif een van die magtigste dryfvere tot grootse dade geword. Dans maak die geslagsdrif los van hierdie sublimerende band. Kuisheid verdwyn dan en die geslagsdrif word gestreel deur 'n willekeurige omgang van een geslag met die ander. Wat alleen toelaatbaar is binne die perke van die monogame huwelik, word op die dansbaan gemeengoed. 'n Dansmeester het hom as volg hieroor uitgelaat: „Vir volmaakte dans is nodig volmaakte beweging, d.w.s. die twee liggame moet soos één beweeg; op die wyse word die twee geslagte in so 'n noue persoonlike aanraking met mekaar gebring soos nêrens elders in fatsoenlike geselskap sou geduld word nie." Streling van die seks het in die moderne dans die allesoorheersende faktor geword. En omdat dit buite die goddelike liefde van die huweliksverhouding plaasvind, verlaag dit die mens tot die dierlike en staan dit veroordeel in die lig van die christelike etiek.

(4) Dans hou nie rekening met die bedorwe menslike natuur en die listigheid van die groot Verleier nie.—Die Skrif sê: „Maak dood dan julle lede wat op die aarde is, nl. hoerery, onreinheid, hartstog, ens." (Kol. 3:5). En elders lui dit: „Vlug vir die begeerlikheid van die jonkheid" (II Tim. 2:22). Dans doen net die teenoorgestelde. Dit skep die ideale toestande vir die bedorwe menslike natuur om, onder aanvuring van die groot Verleier, homself ten volle uit te lewe. Ons noem net 'n paar uitstaande dinge soos die erotiese musiek, die prikkelende kleredrag, die gebruik van sterk drank, die intieme omgang van die twee geslagte, die laat ure, ens.

## VOLKSTRADISIE

(5) Ons kerklike belydenisskrif, die Heidelbergse Kategismus, veroordeel dans.—Die antwoord op Vraag 109 sê o.a. God verbied alle onkuise dade, gebare, woorde, gedagtes, luste en wat die mens daartoe kan lei. Ursinus, een van die opstellers van ons Heidelbergse Kategismus, sê uitdruklik dat dans een van die dinge is wat hier bedoel word.

(6) Die dansgewoonte is in stryd met ons Calvinistiese volkstradisie.—Onder Hugenote, Puriteine en Calviniste was die verset teen dans so sterk dat dit selfs nie in die hoogste kringe geduld was nie. Hierdie houding het ons voorouers met hulle saamgebring toe hulle teen die helfte van die 17de eeu na Suid-Afrika gekom het. Sedert die begin van die twintigste eeu het uitheemse sedes en vreemde invloede die mure van ons volksmoraal binnegedring. Die opvatting win grond dat iemand wat nie aan dans deelneem nie, nie welopgevoed is nie; hy word selfs beskou as bekrompe en outyds. Kan ons nie, gedagtig aan die morele krag wat ons voorouers geopenbaar het, in hierdie opsig die vreemde invloede met veragting van ons weggooi en in hul voetspore volg nie? Dink aan 'n groot staatman soos Paul Kruger wat geen drinkpartye en danspartye gegee of bygewoon het nie.

Niemand moet dink dat die Kerk nie die hedendaagse mens begryp en o.a. sy sosiale instink negeer nie. Die Kerk ontken net dat dans, wat soveel gevare inhou, wesenlik noodsaaklik is vir ons sosiale omgang met mekaar. Die Kerk verlang dat mense vrolik en gelukkig sal saamlewe. Om dit te verkry, moet elkeen homself altyd die volgende twee vrae stel: „Is wat ek doen tot verheerliking van God?" (I Kor. 10:31) en „Is dit tot 'n seën vir my naaste?" (Rom. 14:21). Hierdie toets kan dans nie deurstaan nie. Van dans geld dieselfde as van sy tweelingmaat, die wyn, „op die end byt dit soos 'n slang en spuug gif uit soos 'n basilisk" (Spr. 23:32).

## Toetse Met Atoomwapens

'n Reeks van vier atoomontploffings het die afgelope week in die staat Nevada in Noord-Amerika plaasgevind. Dit is die mees omvattende proefnemings met atoomwapens wat nog gedoen is, word verklaar. Die vierde ontploffing was van so 'n geweld dat die oranjevlam 350 myl ver deur 'n fotograaf afgeneem is vir publikasie in sy koerant.

'n Paar dae later het daar radio-aktiewe sneeu op verskillende plekke, selfs so ver as 2,000 myl van die proefterrein, geval. Intussen word berig dat die Amerikaanse departement van oorlog ondersoek laat instel het na die moontlike gebruik van radio-aktiewe gruis of vloeistof in plaas van atoombomme as 'n meer menslike wyse van oorlogvoering. **Die idee is dat die vyand deur bestoking met hierdie atoomneweprodukte gedwing kan word om gebiede te ontruim. Dit sal dan dieselfde uitwerking hê as die strategiese bombarderings van stede tydens die afgelope wêreldoorlog.**

(vervolg van bls. 5 kol. 4)

toe indiwidualiseer en losmaak. Dit neem dan nie lank nie of sy produktiwiteit daal, hy word ontslaan en 'n nuwe een word in diens geneem en so gaan die mallemeule rond en rond. Die oorsaak van die daling in die produktiwiteit en die losheid van die arbeider word gesoek in ondervoeding en wanvoeding, in verskillende siektetoestande, misbruik van verskillende soorte brousels, geslagsiektes, ens., ens. Daar word dus klinieke gebou, sopkombuise opgerig, ontspanningsfasiliteite beskikbaar gestel, klubs gestig en welsynsorganisasies in die lewe geroep. Die resultaat wat verkry word as diwidend op al hierdie ondernemings is uiters gering want alleen simptome word aangedurf en nie die grondoorsaak van 'n groot maatskaplike siekte nie, nl. **die proses van vereensaming wat volg op die losmaak van maatskaplike bande.**

## STADSBEPLANNING

Is dit dan te veel gevra dat behuising in die eerste plek beplan sal word met die oog op inbinding van gesinne en daardeur die vorming van maatskaplike groepe? Verwag ons te veel as ons hoop dat selfs op hierdie late tydstip besef sal word dat die Bantoe-beskawing, wat so roekeloos vernietig word, in sy ontbindingsproses baie ander dinge kan meesleur? Geen behuising wat nie daarop ingestel is om maatskaplike inbinding te bewerkstellig, is iets anders as 'n vloek nie. **Ons wil in alle erns daarvoor pleit dat minstens die gesonde inheemse Bantoe-patroon van stadsbeplanning as grondslag moet dien vir die behuising van stedelike naturelle. Ons sal dan die nodige erkenning verleen aan die volkservaring van die Bantoe in Afrika wat oor baie eeue strek en waarvan stadsbeplanners in Europa vandag, sonder dat hulle daarvan bewus is, vrugbare gebruik maak.**

(Word Vervolg)

*Stedelike Arbeiders (I)*

# BANTOEWERKER MOET AS MENS GESIEN WORD

**Ek sal dit nooit vergeet nie. Dit was 'n paar dae nadat ek my huidige betrekking aanvaar het. Toe ek na middagete by my kantoor wou instap, staan daar 'n verflenterde en verwaarloosde naturel met 'n verskrikte uitdrukking op sy gesig in 'n hoekie op die stoep. Werktuiglik beweeg sy hand na sy kop om die hoedjie te lig wat nie daar is nie en ek hoor dat hy hees groet en my voornaam noem.**

Dadelik wek dit my belangstelling en net so spoedig het weemoed in my opgewel, want, dit was niemand minder nie as 'n mede-kalwerwagter uit my kinderdae met wie ek menige genoeglike uur in die veld verslyt het op Saterdae en tydens skoolvakansies. Hy was 'n forsgeboude knaap wat later tot 'n fris jong man ontwikkel het en al ons plaasarbeiders kon uitdaag met spitwerk, mis oplaai, sakke dra en enige arbeid wat uithoudingsvermoë en krag vereis het. Op Nuwejaar, wanneer al die plaasvolk fees kom vier het om die bees en die bier wat my vader altyd aan hulle gegee het, kon 'n mens hom eintlik hoor brul van plesier soos hy sy makkers uitdaag tot 'n stoeigeveg of wanneer hy optree as leier by 'n ritmiese volksdans. Een wat dit gewaag het om kragte met hom te meet het spoedig met sy wit tande, in die kweekgras gebyt en hom die goedige bespotting van die feesvierende jong meidjies op die hals gehaal.

Al hierdie mooi toneeltjies het in my gedagtes opgekom toe ek hom na vyftien jaar in vodde aantref, met die lig uit sy oë, 'n gebroke mens wat kom hulp soek het by 'n blanke vriend uit sy kinderdae.

**DUISENDE VERMORSEL**

So is daar duisende Bantoe en ook duisende blankes wat in die kake van die groot stadsmasjien en die snel lewenstempo van die twintigste eeu vermorsel en vergruis word. Praat of dink 'n mens oor mense wat so op die walle uitgespoel word soos opdrifsels van die lewenstroom dan hoor jy al dadelik dat dit dinge is wat daagliks gebeur, dat 'n mens nie sentimenteel moet raak daaroor nie en dat daar tog honderde is wat in die tou staan en wag om die een se plek te neem wat uitval. Alles word mos bereken in terme van produksie per eenheid en diwidende. Die diep menslike leed wat geoffer word om die mooi balansstate moontlik te maak, word ongelukkig nooit in hierdie »balansstate reflekteer nie en kan, indien die wil daartoe bestaan, nie in syfers omgesit word nie.

Om Bantoe en Blankes wat langs die lewensweg in hierdie tegniese eeu na siel en liggaam verwond raak te verpleeg en te versorg, het goedhartige mense

**Sabra-Lesing**
**Deur**
**C. W. Prinsloo.**

talle welsynsorganisasies in die lewe geroep maar in plaas van 'n afname sien ons daagliks 'n toename in die aantal mense wat behoefte het aan maatskaplike sorg. Dink 'n mens oor die grondoorsake wat hierdie mensvernietigende siekte ten grondslag lê, verrys diep uit die donker van die toestand die groot behoefte van die verwordende nywerheidsmens, nl. 'n behoefte aan maatskaplike warmte.

**EENSAAMHEID**

Sosioloë wat hulle nie besig hou met tabelle en statistieke nie, maar wat 'n aanvoeling het vir die behoeftes van 'n medemens sonder om dit met grafieke voor te stel, konstateer dat vereensaming die grootste siekte van die Westerse beskawing is. Wie van ons wat 'n paar oomblikke afsonder en iewers op 'n droë boomstomp in die veld die ewige gejaag vir 'n paar oomblikke afskud, ondervind nie die gevoel van eensaamheid temidde van die duisende mense wat ons daagliks op 'n galop sien rondskarrel na wie-weet-waarheen-nie? Wie van ons het 'n vriend wat ons met tere gevoelens verwelkom en van wie ons met weemoed afskeid neem? Hoeveel mense is daar nog wat kuier uit 'n behoefte om geestesgemeenskap met 'n medemens te vind en weer bande van maatskaplike warmte sterker te snoer? Nee, as ons gaan kuier moet daar eers vooraf bestellings gemaak word en dan is dit om „kontakte" te handhaaf of nuwe „kontakte" te skep wat vir ons van professionele of besigheidsbelang kan wees.

**Die Bantoe is mense wat by uitstek sosialiste, d.w.s. maatskaplik ingebonde mense is en nou is hulle binne die bestek van 'n halfeeu uitgeruk uit 'n samelewing waardeur maatskaplike warmte deur alle lewensfases straal en as enkelinge via rekruteringsagente oorgeplaas na die kille atmosfeer van die stad en nywerheids-sentra. En nou sit ons met die hande in die hare met Tsotsis, geweldpleging en aanrandings, aantasting van die blanke vrou en redelose moord.**

**MENS-VRAAGSTUK**

Verskeie gesaghebbendes met wie ons gedagtes oor hierdie onderwerp gewissel het, het gesê rasionele arbeidsdistribusie is ons belangrikste vraagstuk of die verhoging van die produktiwiteit van die naturelle-arbeider moet voorrang geniet of behuising is die kernvraagstuk, ens. Wat sal 'n oplossing van al hierdie vraagstukke baat as ons nie die „mens-vraagstuk" bo aan die lys plaas nie? Of moet, soos nou by Europeaanen Bantoe-werknemers die geval is, maar altyd gepraat word van werknemer nommer so-en-so? Is dit dan glad nie meer moontlik om van mense anders as deur middel van 'n versyfering van hulle waardes te praat nie? **Ons wil dit aan u stel dat tensy ons 'n oplossing van die naturellevraagstuk, en in die besonder die oplossing van vraagstukke in verband met stedelike naturelle-arbeiders daarin soek dat maatskaplike ingebondenheid die oplossing is, ons tevergeefs na 'n oplossing sal soek.**

Daar is geen verantwoordelike blanke burger en geen welwende naturel vir wie dit nie met sorge vervul om elke dag die nuusblaaie oop te slaan en so gereeld soos klokslag 'n hele reeks gruweldade opgesom te vind onder 'n misdaad-kolom op die voorblad nie. Baie sê maar skouerophalend dit is tekens van die tyd, dis oorgangsfases of sulke dinge het maar altyd gebeur. Die mees ontmoedigende verskynsel is dat baie mense hierdie en ander vraagstukke met die haatlike slagspreukie „ek kan nie ‚worry' nie" van hulle afwerp. En tog is daar weë waarlangs die onderhawige vraagstuk ontbloot kan word van baie dodelike angels. Ons wil vervolgens u aandag by 'n paar van hulle bepaal.

**BEHUISING**

'n Huis is nie net 'n plek waar 'n mens moet eet en slaap nie. Dit is 'n sentrum wat die ontstaan en die groei van 'n maatskaplike kern moontlik maak. Dit is by uitstek die plek waar maatskaplike warmte genereer word. Die huis is eintlik die kragstasie wat maatskaplike ingebondenheid moontlik maak. Dit is die hospitaal wat die mens genees van die wonde wat hy in die lewe opdoen. Dit is die kweekbodem vir alle mense wat ooit die naam werd was. 'n Huis met 'n sterk en gesonde huislike lewe is die grootste versekering teen misdaad wat daar nog ooit was want kriminologiese ondersoek toon dat die oorgrote meerderheid van misdadigers uit gebroke huise kom waar lewenswarmte nooit die

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

heilsame inwerking op die wordende mens kon hê nie.

Naturelle-arbeid is in die afgelope drie geslagte na die stede gebring en in hoofsaak in enkelkwartiere gehuisves, bestaande uit kille aaneengeskakelde geboue wat op 'n verbeeldinglose wyse saamgeflans is. Naderhand het die naturel geleidelik self na die stad gekom gevolg deur sy vrou en oral het pondokdorpies, eers klein, groter en al groter oral op die buitegrense van stede hulle verskyning gemaak. Eers toe, ongeveer vyf-en-twintig jaar gelede, is op aansienlike skaal lokasies gebou met die doel om familiebehuising te verskaf.

**SYFERS GEE DEURSLAG**

Die lokasies het in die reël (en dit is nog die geval) bestaan uit sielose rye en rye huisies, ingeryg langs mooi vierkantige blokkies omsoom deur reguit nou straatjies. Hoe groter die digtheid en hoe vierkantiger alles gemaak is, hoe laer kon stadsbeplanners en ingenieurs die kostepeil van behuising en dienste hou. Soos maar altyd die mode is het syfers die deurslag gegee en mensewaardes is nooit oorweeg nie.

**As ons vir 'n oomblik 'n naturelle-arbeider vergesel na sy tuisplek in Wendaland, Zululand, die Transkei of waar ookal, dan vind ons daar 'n tuiste bestaande uit 'n aantal hutte op smaakvolle wyse gebou en gerangskik op 'n perdehoef-patroon wat al dadelik 'n sinnebeeld is van insnoering en omarmende liefde vir al die inwoners waaruit hierdie gemeenskappies bestaan. Hier in die tuisgebied is maatskaplike inbinding en lewenswarmte gesimboliseer in die behuisingspatroon.** Nou word die arbeider oorgeplaas na die stad met sy kampong en sy lokasie wat die maatskaplik-ingebonde Ban-

(vervolg op bls. 4 kolom 5)

# „£25 ASSEBLIEF OM ONS VIR JULLE MOOI TE MAAK!"

**Die bakhand-mentaliteit wat in sommige Britse kringe sedert die oorlog posgevat het, is nog steeds besig om in Brittanje op die mees onverwagte plekke en oomblikke uit te slaan. Die jongste geval is dié van 'n stad wat die hand uithou na Johannesburg om 'n donasie van £25 waarmee die stad homself aantrekliker kan tooi tot stigting van Suid-Afrikaanse besoekers!**

'n Versoek is aan die Johannesburgse stadsraad gerig deur die stad Windsor in Engeland om 'n skenking van £25 vir die vervaardiging van 'n versierde vaandel. Die brief lui dat **spesiale pogings aangewend word om Engelse stede gedurende Brittanje se feesjaar so aantreklik moontlik te maak vir buitelandse besoekers, en aangesien daar ook mense van Johannesburg verwag word, wil hulle graag 'n besondere teken van welkom vir dié besoekers aanbring.**

Daar kan afgelei word dat dergelike briewe ook aan ander stede van die wêreld gestuur is. Buitelandse besoekers sal dus op hul eie koste in Brittanje verwelkom word.

**Hierdie onbeskeidenheid staan nie 'n tree terug vir dié van die Britse ministerie van poswese nie wat 'n tyd gelede 'n posstempel op alle briewe na die buiteland geplaas het met die growwe wenk: „Hartlik dank vir voedselpakkies!"**

# VERHAAL VAN 'N BRANDARM MAN

**'n Drie-en-sewentigjarige blanke man van Johannesburg wat die afgelope 38 jaar die lewe van 'n kluisenaar gevoer het en in daardie tyd ongeveer £600,000 op die makelaarsmark gemaak het, het in armoede aan hartkwaal en ondervoeding gesterf.**

Vyftig jaar gelede het hy uit Engeland na die Rand gekom en in Boksburg vir wyle sir George Farrar op een van die myne gaan werk.

Na vasgestel kon word, het hy toe reeds 'n groot vrees gekoester dat hy op sy oudag arm sou wees en na 'n tehuis sou moes gaan.

Hy het begin spekuleer en in die distrik Benoni, kort na die stigting van die dorp, 'n groot stuk grond aangekoop en na omtrent een maand teen drie maal meer van die hand gesit. Hy het goudmynaandele gekoop en het vinnig geld gemaak. Daar word vertel dat hy letterlik hande van goud gehad het, en alles waarmee hy iets te doen gehad het, het hom duisende ponde in die sak gebring.

**KWAAD OOR RING**

Omstreeks 1913 het hy in Johannesburg 'n vrou ontmoet en haar 'n diamantring van £5,000 gekoop, maar ná enkele weke het sy met die seun van 'n mynmagnaat weggeloop. Hy was meer woedend omdat sy nie die ring teruggegee het nie as omdat sy weggeloop het.

Hy het homself hierna geleidelik van die gemeenskap onttrek en sowat dertig jaar gelede 'n kamertjie in Germiston gehuur en homself daar as kluisenaar gevestig.

**Daar het hy aangehou met aandele koop en geld gemaak, maar hy het homself alle geriewe ontsê. Hy wou niks met sy medemens te doen hê nie, en het na bewering van brood en koffie gelewe.**

Ofskoon hy in 1929 en 1930 duisende ponde op die aandelemark verloor het, het hy nog sowat £100,000 oorgehad. Hiermee het hy van nuuts af begin woeker en ten tye van sy dood het hy ongeveer £600,000 besit.

**ORAL TE VOET**

**Ten einde geld te bespaar, het hy altyd te voet gereis na enige plek waar hy wou wees, en het nie 'n pennie op iets spandeer tensy hy munt daaruit kon slaan nie.**

Drie weke gelede het hy siek geword en het na die provinsiale hospitaal gegaan om vrye behandeling te ontvang. Aangesien hy aan hartkwaal gely het, is hy aangeraai om na 'n hartspesialis te gaan, maar hy het geweier om dit te doen. Hy het egter 'n gewone praktisyn gaan spreek en het geweier om vyftien sjielings te betaal en vyf sjielings aangebied. Hy het ou verslete klere gedra en het hoegenaamd geen nuwe klere gehad nie.

Sy geneesheer het hom aangeraai om na 'n verpleeginrigting te gaan, sodat hy daar behoorlik behandel kon word, maar dit het hy ook geweier, en hy is as vrye pasiënt in 'n provinsiale hospitaal opgeneem, waar hy aan hartkwaal en ondervoeding gesterf het.

Sy geneesheer het gesê: „Hierdie arme ou man — arm ten spyte van sy rykdom — het homself gekul. Hy wou geld op sy oudag hê, maar hy het in armoede met rykdom rondom hom gesterf."

(Lees opmerkings van Sybrand onder Van die Os op die Esel op bladsy twee).

Koté

Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

# Sowjet-Elemente Word Nou Verwyder Uit Neurenbergstelsel

**Die Amerikaanse besettingsowerheid het verlede week weer 'n grootskaalse hersiening van Neurenberg-vonnisse teweeggebring. Onder meer is Alfred Krupp, 44-jarige seun van die beroemde nyweraar, wat 'n vonnis van twaalf jaar tronkstraf ontvang het nadat hy as plaasvervanger aangekeer is vir sy vader wat op sterwe gelê het, saam met agt direkteure uit die tronk gelaat. Die hele Krupp-nywerheid wat deur die Geallieerdes gekonfiskeer is, is aan hom teruggegee met die verduideliking dat „algemene verbeurdverklaring van eiendom nie 'n gangbare element in die Amerikaanse regstelsel is nie en strydig is met die regsopvattings van die Amerikaner."**

**Daar word egter nie erken dat dit vir die Westerse regsopvatting ook vreemd is dat 'n erfgenaam gestraf kan word vir die misdade van sy vader nie.**

**Nietemin getuig niks soseer van die feit dat die Amerikaners en Britte hulle aan die einde van die oorlog onder die Russiese regspleging laat inskakel het sover dit Duitsland betref, as hierdie verduideliking nie. Noudat Rusland 'n vyand begin word en „premier" Stalin weer 'n diktator, word die Russiese elemente in die regspleging een na die ander uitgerafel. Ongelukkig is sommige van die rafels reeds verewig deur teregstellings wat nie herroep kan word nie.**

Behalwe Krupp is nog 22 ander „oorlogsmisdadigers" verlede week vrygelaat, maar van die 28 terdoodveroordeeldes wat reeds meer as 'n jaar op voltrekking van hul vonnisse gewag het, is begenadiging net aan 21 bewys, terwyl 7 nog onder afwagting van die voltrekking van die doodvonnis verkeer.

Verskillende ander gevangenes se vonnisse is verminder. Hans Lammers, hoof van Hitler se kanselary, wat tot 20 jaar veroordeel was, se vonnis is tot 10 jaar verminder, terwyl een van die Gestapo-hoofde, Gottlieb Berger, se vonnis van 25 jaar na 10 jaar verminder is. Twee Duitse generaals, Wilhelm Speidel, goewerneur van Griekeland tydens die oorlog, en Hans Dehner, wat „gestraf" is omdat hy te rof gewerk het met Joego-Slawiese partisane, het vrystelling ontvang van hul vonnisse van 20 jaar, terwyl veldmaarskalk Erhard Milch, minister van lugvaart onder Göring, se lewenslange vonnis verander is na 15 jaar.

# Britse Barbare Kry Aanskoulike Partypolitiek

**Die Britse regering wat sy demokratiese stelsel hierdie week uitgebrei het na die barbare van die Goudkus, het die wese van sy stelsel op heel aanskoulike en kernagtige wyse uitgebeeld toe hy sy swart burgers opgeroep het om in hul duisendtalle te gaan stem vir „Papegaaie", „Koeie", „Torre" en „Visse."**

Hierdie amptelike bestempeling van die kandidate as goeters en goggas is 'n flinke stap vooruit op die Brits-demokratiese weë van die dominiums waar sulke verwysings nog hoofsaaklik beperk is tot die nie-amptelike verkiesingsvergaderings van politieke partye.

**In wese is daar egter nie veel verskil tussen die metodes wat nou in die Goudkus en dié wat in die meer senior gewestes van die Britse Empire in swang is nie.** In eersgenoemde land is daar vir elke kandidaat 'n stembus aangebring met sy simbool daarop — 'n rooi papegaai, 'n blou tor of 'n bont koei. In plaas van 'n stembriefie met 'n blou potloodkruisie agter die naam van die kandidaat (wat voor die verkiesing deur die teenparty afgeskilder is as 'n mamparra, 'n uil of 'n weerwolf) is van hierdie analfabete verwag om net hul vingerafdruk te gooi in die bus van die kandidaat (wat amptelik aangedui word as 'n tor of koei).

PARTYVORMING?

Of dit so bedoel is, kan van die persberigte nie afgelei word nie, maar die simbole wat deur die Britse amptenare gekies is, skyn ooreen te stem met die totemistiese indelings wat onder inboorlinge gevind word. Blykbaar moes hierdie bygeloofpartyverdeling gestel word in die plek van die liggeloof-partyverdeling van die meer ontwikkelde dominiums waar geletterde kiesers hul party-totems kies op grond van mooi beloftes in die vorm van „programme van beginsels" wat met praktiese politiek uiteindelik net so min verband hou as die blou tor met die swart Goudkus-kandidaat wie se stembus hy simboliseer.

In elk geval, hoofsaak sal wel wees dat die inboorlinge van die Goudkus, wat vir hul politieke leiding in die verlede nog meer afhanklik was van die dolosse van 'n bok as van 'n partypamflet, in (vir die Britte) nuttige vegkampe verdeel moet word waaruit die oorwinnende party en die verloorder-party die krassende Britse staatsmasjien in werking kan bring onder die wipryery van Sy Majesteit se Regering en Sy Majesteit se Opposisie.

## Empire-Resep: Groter Vryheid Langs Regte Lyne

'n Voorstel wat vra dat 'n permanente liggaam bestaande uit afgevaardigdes van alle Statebonds- en Empire-lande in Londen saamgestel moet word om gemeenskaplike beleid te verseker, is in die Britse laerhuis teruggetrek nadat die minister van koloniale sake daarop gewys het dat dit die Britse regering se beleid is om „konstitusionele ontwikkeling en selfbestuur in die kolonies aan te moedig **langs die regte lyne.**" Enige voorstel wat suggereer dat die teenoorgestelde moet gebeur, is „onprakties en ongewens."

Die minister van kolonies het maar net opnuut beklemtoon wat dr. Malan in 1949 gesê het by sy terugkeer uit Londen: **„Namate die bande losser gemaak is in die verlede het die Statebond nog altyd daarin geslaag om beslag te lê op die gees."**

Dit is 'n resep wat lord Durham meer as honderd jaar gelede al aan die Empire gegee het, en wat met groot welslae toegepas is ook op Suid-Afrika.

## Toegewing Aan Indiërs

Kanada het ingestem om sy beperkinge op die immigrasie van Indiërs te verslap. Voortaan sal daar elke jaar 150 Indiërs toegelaat word om hulle binne die dominium te vestig. Met Pakistan en Ceylon word oor soortgelyke reëlings onderhandel, sodat die totale aantal Indiërs wat per jaar toegelaat sal word, waarskynlik op meer as 400 te staan sal kom. Bo en behalwe hierdie immigrante sal die mans, vroue en onmondige kinders van Indiërs met Kanadese burgerskap soos in die verlede nog toegelaat word.

$„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

**BRILLE**
Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.
GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD
**Die Voortrekker-Apteek**
Kerklaan, KAAPSTAD.
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.
Besoek ons of skryf om Besonderhede.

BOERE
U KRY
MAKSIMUM PRODUKSIE EN GROTER BESPARING
DEUR DIE GEBRUIK VAN


S.A.P.V. PLUIMVEE-MENGSELS EN -PILLE
SUIWEL- KALF- EN VARKMEEL
VEREENIGING CONSOLIDATED MILLS BPK.
MAITLAND K.P.
TAKKANTOOR
WELLINGTON FOON 414


Vir geurige verfrissing en vroulike verfyndheid
KWV
-Eau de Cologne
en -Laventel
PRODUKTE VAN SUID-AFRIKA
K97

ONTHOU, 27 FEBRUARIE IS
VRYHEIDSDAG!


Waar u ook mag wees
Kommando
is die gewildste
Suid-Afrikaanse sigarette


GI-3056-AF